basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	45 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

ADRI-JO WATERBOER
Met hope talent sal sy nog ver kom!



1 Adri-Jo Waterboer is nog bloedjonk. Sy het op Springbok in Namakwaland grootgeword. Haar kinderjare was gelukkig. Daarom het sy mooi herinneringe *(memories)* daarvan. Sy onthou dat sy en haar suster, Ann-Marie, altyd Sondae ná kerk saam met hulle ma gebak het.

2 Aan die begin van haar graad 6-jaar het Adri-Jo se ouers Kaap toe getrek. Van 2015 tot 2019 was sy 'n leerder aan Hoërskool Bellville. Op skool het sy drama as vak gekies, al het sy geweet dat haar pa nie daarvan hou nie. Drama het haar laat besef dat sy 'n aktrise *(actress)* wou word.

3 Adri-Jo se ma, Mavis, is 'n klere-ontwerper en haar pa is 'n advokaat. Sy sê haar ouers het hulle altyd toegelaat om kreatief te wees. Sy glo sy het háár kreatiwiteit by haar ma geleer.

4 Ná matriek het Adri-Jo drama en teaterstudies aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer. Nadat sy haar graad ontvang het, het sy verder in drama-onderwys studeer. In 2024 was sy nog besig met haar nagraadse *(post graduate)* studies toe sy twéé rolle as aktrise losgeslaan het. Dit was 'n groot uitdaging *(challenge),* maar sy het haar studies voltooi én die eerste keer op TV verskyn.

5 Die mense van Suid-Afrika het Adri-Jo in die telenovelle, *Kelders van Geheime*, leer ken. Hierdie drama word elke dag op eTV uitgesaai. Dit is een van die suksesvolste reekse op televisie. Sy het ook 'n rol in die drama, *Gebokste Liefde*, gekry.

6 *Kelders van Geheime* is die storie van drie families wat saam op die plaas, Soebatskloof, woon. Hulle moet leer om saam met mekaar te werk, sodat almal 'n bestaan kan maak. Adri-Jo speel die rol van Grace, 'n aangenome *(adopted)* kind. Grace is 'n sterk karakter. Sy is goedhartig *(kind)* en gee om vir ander mense. Adri-Jo sê sy hou van hierdie karakter. Sy sou graag iemand soos Grace as vriendin wou gehad het.

7 Dit is vir Adri-Jo lekker om deel te wees van *Kelders van Geheime*. Sy werk saam met gróót name in Suid-Afrika se filmbedryf. Nog voordat Adri-Jo vir Vinette Ebrahim persoonlik ontmoet het, het sy haar as antie Charmaine van die bekende sepie, *Sewende Laan*, "geken". Adri-Jo sê ervare akteurs soos Vinette en Cedwyn Joel deel graag hulle kennis met jong akteurs.



8 Adri-Jo is 'n baie goeie aktrise. Sy weet sy is goed op die verhoog *(stage),* maar sy is ook streng *(strict)* met haarself. Sy werk baie hard, want sy glo daar is altyd iets wat sy kan verbeter *(improve).*

9 Adri-Jo woon deesdae op Stellenbosch. Sy het 'n interessante stokperdjie *(hobby)*. Sy hou baie van insekte. Sy kyk graag na video's oor insekte op *YouTube*. Sy maak ook *fun facts* oor insekte bymekaar en het reeds baie daarvan!

10 Adri-Jo het groot planne vir haar toekoms. Teen die einde van 2024 het sy nog nie 'n bestuurderslisensie gehad nie. Daarom was dit een van die dinge wat sy vir 2025 beplan het.

11 Met soveel talent en passie vir wat sy doen, sal Adri-Jo se ster aanhou skyn. Hou haar gerus dop!

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 16 Januarie 2025 en *Kuier,* 30 Januarie 2025]

1.1 Op watter dorpie het Adri-Jo grootgeword? (1)

1.2 Watter mooi herinnering het Adri-Jo aan haar kinderjare? (1)

1.3 VOLTOOI die sinne hieronder deur elke keer EEN woord uit paragraaf 2 neer te skryf. Skryf net die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.3) en die woord neer.

1.3.1 Toe Adri-Jo in graad ... (getal) was, het haar gesin Kaap toe getrek. (1)

1.3.2 Later was sy 'n leerder aan Hoërskool ... (die naam). (1)

1.3.3 Sy het ... as vak geneem en toe besluit om aktrise te word. (1)

1.4 Wat is Adri-Jo se ma se naam? (1)

1.5 Watter werk doen Adri-Jo se pa? (1)

1.6 *Kelders van Geheime* word net oor naweke uitgesaai.

Haal EEN sin uit paragraaf 5 aan om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.7 Met *Kelders van Geheime* het mense Adri-Jo vir die eerste keer op televisie gesien.

1.7.1 Watter rol speel Adri-Jo in *Kelders van Geheime*? Skryf net die karakter se naam neer. (1)

1.7.2 Waarom kan ons sê dat hierdie karakter 'n positiewe karakter is? (1)

1.7.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Adri-Jo sê sy sou graag iemand soos haar karakter as vriendin wou hê. Dit sê vir ons dat Adri-Jo (van haar karakter hou/nie van haar karakter hou nie). (1)

1.8 In watter ander drama het Adri-Jo ook 'n rol gekry? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.9.1 en 1.9.2) en die antwoord neer.

"Sy werk saam met **gróót name** in Suid-Afrika se filmbedryf." (Reëls 32 tot 34)

"gróót name" word hier (1.9.1) (letterlik/figuurlik) bedoel. Dit beteken dat hierdie mense (1.9.2) (suksesvol en ervare is/name en vanne het wat moeilik is om te skryf). (2)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"... het sy haar as antie Charmaine van die bekende sepie, *Sewende Laan*, '**geken**'." (Reëls 36 tot 38)

Dit sê vir ons dat Adri-Jo (op televisie na *Sewende Laan* gekyk het/ Vinette Ebrahim in *Sewende Laan* ontmoet het). (1)

1.11 Waarom kan jy respek hê vir iemand soos Vinette Ebrahim? (1)

1.12 Wat doen Adri-Jo wat vir ons sê dat sy baie van insekte hou? Noem TWEE dinge. (2)

1.13 Noem EEN van die planne wat Adri-Jo vir 2025 gehad het. (1)

1.14 Waarom is Adri-Jo 'n goeie rolmodel vir ander jongmense? (1)

1.15 Adri-Jo se ster gaan aanhou skyn.


Kies die omskrywing uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.15.1	Adri-Jo se ma ontwerp klere.	A	Adri-Jo skrik nie vir uitdagings nie.
1.15.2	Adri-Jo het in een jaar twee rolle gekry om te speel.	B	Adri-Jo wou nie haar pa teleurstel nie.
1.15.3	Dit was moeilik om te studeer en aktrise te wees.	C	2024 was 'n goeie jaar vir Adri-Jo.
1.15.4	Adri-Jo glo dat sy nog baie het om te leer.	D	Adri-Jo wil altyd beter doen.
		E	Adri-Jo het haar kreatiwiteit geërf.

(4 x 1) (4)

TEKS B: WEERKAART

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit Netwerk24]

1.16 Watter dorp lê heel noord op die kaart? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die weer in De Aar wys vir jou dat jy (genoeg klere/jou reënjas) moet saamvat. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit gaan die warmste in (Upington/Mahikeng) wees. (1)

1.19 Waarom gaan hierdie kaart jou NIE help as jy Namibië toe wil gaan NIE? (1)

1.20 Waarom sal dit lekker wees om by Durban in die see te gaan swem? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer.

Hierdie weerkaart help my om te …

A sien waar die belangrikste dorpe is.
B weet watter die kortste pad is om te ry.
C weet hoe ek my dag die beste kan beplan.
D sien waar die verskillende provinsies in Suid-Afrika is. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: HOE OM VEILIG OP STRAAT TE WEES

Ons moet almal probeer om veilig op straat te wees.

Lees die gedeelte (TEKS C) hieronder en skryf SEWE wenke oor hoe om veilig op straat te wees.

INSTRUKSIES

- Som in SEWE VOLSINNE op **HOE OM VEILIG OP STRAAT TE WEES**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

HOE OM VEILIG OP STRAAT TE WEES

Daar is baie mense wat in die strate rondloop en lelike dinge wil doen. Hier is 'n paar wenke van dinge wat jy kan doen om veilig op straat te wees. Skelms soek na mense wat hulle maklik kan beroof. Daarom is dit beter om liewer nie alleen te loop nie.

Skelms sal met jou praat om jou aandag af te trek. Daarom moet jy nie met mense praat wat jy nie ken nie.

Jy moet ook nooit by vreemde mense in die kar klim nie. Die skelms mag jou dalk ontvoer.

Mense loop graag met oorfone in die straat. Dan weet hulle nie wat om hulle aangaan nie. Jy moet liewer jou oorfone by die huis los.

Skelms is vinnig en kan jou selfoon uit jou hand gryp. Daarom moet jy jou selfoon in jou sak bêre.

As iemand jou goed steel, word jy baie kwaad. Jy wil jou goed terugkry, maar moet liewer nie die skelm konfronteer nie.

Dit is beter om nie juwele en duur klere te dra as jy alleen stap nie. Dit sal skelms laat dink dat jy baie geld het.

[Bron: Eie teks]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D



[Verwerk uit *Google images*]

3.1 Watter EEN woord in die opskrif praat direk met die leser? (1)

3.2 Waarom is die sin hieronder 'n MENING?

Die beste brood ooit! (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Brood wat soos jou ma s'n (ruik/ryk)!" (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die figuurlike betekenis van "mooi broodjies bak" is om (goed/sleg) met iemand te praat. (1)

3.5 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Hierdie brood wen pryse. (1)

3.6 Waarom is dit 'n goeie idee om die prys in 'n ster te sit? (1)

3.7 Waarom pas die sak meel by die brood in hierdie advertensie? (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die antwoord (A–D) neer.

Die snye brood in die advertensie is bedoel om ...

A te wys wie die brood sal koop.
B jou lus te maak vir 'n toebroodjie.
C te wys hoeveel snye jy uit die brood kan kry.
D vir jou te wys hoeveel snytjies brood jy mag eet. (1)

3.9 "Besoek ons by www.bakoond.co.za"

www.bakoond.co.za gee vir ons die adverteerder se (straat/web)-adres. (1)

3.10 Watter belangrike inligting is NIE in hierdie advertensie gegee NIE? (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS E

RAAMPIE 1



RAAMPIE 2



RAAMPIE 3



RAAMPIE 4



RAAMPIE 5



RAAMPIE 6



RAAMPIE 7



[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 Januarie 2025]

4.1 Hoe weet ons dat Palawa en Paloeka buite is? (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 2.

Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

"Hou jy van skool?"

Begin só: Paloeka vra of Palawa … (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.3) en die antwoord (A–D) neer.

"**MAL**" in RAAMPIE 2 sê vir ons dat Palawa ... oor skool.

A hartseer voel
B deurmekaar is
C entoesiasties is
D bekommerd voel (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 3.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(Alles/Almal) moet skool toe gaan en leer. (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 4.

4.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Paloeka sê dat meisies *weird* is.

Hierdie woorde van Paloeka is 'n voorbeeld van (stereotipering/ manipulering). (1)

4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1. (1)

4.5.3 Waarom is dit gepas dat Paloeka hierdie Engelse woord gebruik? (1)

4.6 Kyk na RAAMPIE 5.

"Jy lees, skryf en doen wiskunde."

Watter EEN woord in die sin pas die beste by die prent? (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 6.

Hoe weet jy dat Paloeka en Palawa met mekaar praat? (1)

4.8 Waarom, dink jy, glimlag Paloeka in RAAMPIE 7? (1)
[10]

VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS F: ARTIKEL



EET GESOND

Die meeste mense (5.1.1) (*like)* daarvan om lekker te eet. Ongelukkig is sekere eetgoed (5.1.2) (goed) vir ons. Mense wat te (5.1.3) (baie/veel) gemorskos eet, raak oorgewig. Soms word hulle siek. Daarom is dit baie belangrik (5.1.4) (gesond eet). 5

Kinders het (5.1.5) (die/'n) goeie dieet nodig. Gesonde kos gee energie en help (5.1.6) (kinders) om beter te leer. Ouers moet die (5.1.7) (reg) voorbeeld stel en self gesond eet. So sal (5.1.8) (groei) kinders goeie eetgewoontes aanleer.

(5.1.9) (Almal hou van dieselfde kos.) (5.1.10) (Jy moet weet wat jou liggaam nodig het. Jy kan goeie keuses maak.) Eet genoeg groente en (5.1.11) (vrug). 10

Wanneer jy weet dat jy verkeerd eet, moet jy dit verander. Dalk kan jy net een klein (5.1.12) (stuk) koek op 'n keer eet. Of jy kan (5.1.13) (min) gaskoeldrank drink. (5.1.14) (Drink liewer water.) Dis gesond!

[Bron: Eie teks]

5.1.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir "*like*". (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM van "goed". (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Mense wat te (baie/veel) gemorskos eet, raak oorgewig. (1)

5.1.4 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Daarom is dit baie belangrik (gesond eet). (1)

5.1.5 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Kinders het (die/'n) goeie dieet nodig. (1)

5.1.6 Verdeel "kinders" korrek in LETTERGREPE. (1)

5.1.7 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Ouers moet die (reg) voorbeeld stel en self gesond eet. (1)

5.1.8 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

So sal (groei) kinders goeie eetgewoontes aanleer. (1)

5.1.9 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Almal hou van dieselfde kos. (1)

5.1.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy moet weet wat jou liggaam nodig het. Jy kan goeie keuses maak. (sodat) (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van "vrug". (1)

5.1.12 Gee die VERKLEINWOORD van "stuk". (1)

5.1.13 Gee die VERGROTENDE TRAP van "min". (1)

5.1.14 HERSKRYF die sin hieronder.

Drink liewer water.

Begin só: Jy moet … (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS G



[Bron: *Bing images*]

5.2.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die gesin het (die vorige dag) by die see aangekom. (1)

5.2.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Dit is vandag (warm) buite. (1)

5.2.3 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Ma het lekker kos gemaak. (1)

5.2.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Ma het die kos ... die kombers uitgepak. (1)

5.2.5 Vorm 'n SAMESTELLING van "strand+sambreel". (1)

5.2.6 Verbeter die SPELFOUT in die woord tussen hakies.

Die gesin hou lekker (pickniek) by die see. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou